**Ware aanbidding in gees en waarheid (OP212)**

**Joh 4:1-26**

**16 Maart 2025**

Laasweek het ons gesien hoedat die dissipels van Johannes die Doper met drie reinigingshandelings gekonfronteer is: die Ou Testamentiese reinigingsgebruike, die doop van Johannes en die doop van die Here Jesus. Johannes die Doper het egter onderskei dat die Here Jesus die Een is na wie al hierdie handelings gewys het – Hy is die Een wat werklike reiniging kan bewerk en daarom moet Hy meer word, en Johannes minder. Ons het ook geleer dat die Here Jesus juis as mens na die aarde gekom het met die doel om die woorde van God aan ons bekend te maak. Hy kan dit doen, want Hy is God, Hy was voor Hy mens geword het by God in die hemel en het gesien en gehoor wat daar gebeur, en boonop het die Vader aan Hom die Heilige Gees gegee in onbeperkte maat.

Vandag wil ek begin om aandag te gee aan die gesprek tussen die Here Jesus en die Samaritaanse vrou in Joh 4. Ek wil dit bespreek onder die volgende drie punte: (1) ‘n Samaritaanse vrou, (2) ‘n Fontein van lewende water wat opborrel tot die ewige lewe (v14), en (3) Ware aanbidders aanbid die Vader in gees en waarheid (v23)

<u>‘n Samaritaanse vrou (Joh 4:1-9)</u>

In Joh 3 het ons gelees hoedat die Here Jesus se volgelinge toegeneem het in vergelyking mat Johannes die Doper se volgelinge. Lees Joh 4:1-3. Dit blyk nou dat die Fariseërs ook kennis geneem het van die Here Jesus se toenemende steun. En die gevolg was dat die Here Jesus besluit het om die gebied van Judea te verlaat, en om eerder na Galilea te gaan. Die kortste pad van Judea na Galilea was om deur die gebied van die Samaritane te reis.

Kom ons dink vir ‘n oomblik oor wie die Samaritane was: Ons weet die noordelike 10 stamme is in 722/721 vC deur die Assiriërs in ballingskap weggevoer. Die Assiriërs het egter sommige persone in die beloofde land laat agterbly, en boonop het hulle ook mense van allerlei ander afkomste in die beloofde land gevestig. Hierdie mengsel van mense uit verskillende agtergronde het met verloop van tyd met mekaar begin trou – en so het die Samaritane ontstaan. Boonop is die oorspronklike godsdiens van die 10 stamme ook beïnvloed deur die godsdienste van al hierdie ander volke. Die gevolg was dat die Jode na hulle terugkeer uit hulle eie ballingskap in Babel, hierdie Samaritane verag het. Hulle het hulle beskou as ‘n verbasterde volk met ‘n verbasterde godsdiens.

Die Samaritane het net die Pentateug erken – nie die res van die Ou Testamentiese boeke nie. Hulle het dus ‘n beperkte insig gehad in die Here se openbaring. Hulle het ‘n verwagting gehad dat daar ‘n Iemand soos ‘n Messias sou kom – maar hulle verwagting was beperk tot die terugkeer van ‘n profeet soos Moses, waarvan Deut 18:15 praat. Hulle het verwag hierdie komende Profeet sal vir hulle kom bekend maak wat die Here wil. Hulle het ook nie die Here in Jerusalem aanbid nie – want hulle het nie die oprigting van die tempel deur Dawid en Salomo in Jerusalem erken nie. Hulle het eerder op Gerisimberg aanbid, want in Deut 12:5 het die Here aangedui Hy sal aan hulle die plek bekend maak waar Hy aanbid moet word, en boonop was Sigem die plek waar Abraham die eerste keer in die beloofde land ‘n altaar gebou het (Gen 12:6-7). En siende dat Sigem naby Gerisimberg was, daarom het hulle geoordeel hulle moet op Gerisimberg aanbid (daar is nog redes hoekom hulle Gerisimberg gekies het, waarop ek nie nou wil uitbrei nie). Dit is ook hier naby waar die put was waarby die gebeure in Joh 4 afspeel.

Lees Joh 4:4-9. Terwyl Jesus op pad was deur die gebied van die Samaritane, het Hy een middag teen 12h00 die middag juis by hierdie put gerus, terwyl Sy dissipels vir hulle gaan kos koop het. Daar kom

toe ‘n Samaritaanse vrou na die put toe om water te skep. Dit is opvallend dat sy alleen in die middel van die dag gekom het – gewoonlik is water nie in die middel van die dag geskep nie, en gewoonlik het die vroue ook nie alleen gekom om water te skep nie. Miskien is dit ‘n aanduiding van die verwerping wat sy van haar volksgenote ervaar het a.g.v. haar leefstyl, waarvan ons later lees. Toe sy by die put kom, het die Here Jesus vir haar water gevra om te drink. Sy was egter verbaas hieroor – immers meng die Jode nie met Samaritane nie. Nie net is Hy ‘n Jood en sy ‘n Samaritaan nie, boonop is Hy ‘n man, en sy ‘n vrou. En nogtans knoop die Here Jesus ‘n hele gesprek met haar aan.

In Joh 3 het die Here Jesus ‘n gesprek gevoer met Nikodemus, en nou voer Hy ‘n gesprek met ‘n Samaritaanse vrou. Dit is insiggewend om die twee met mekaar te vergelyk: Nikodemus word by die naam genoem, haar naam word nie genoem nie, Nikodemus is ‘n Jood, sy is ‘n Samaritaan, Nikodemus is geleerd, sy is ongeskool, Nikodemus is gesagvol, sy is sonder invloed, Nikodemus is gerespekteerd, sy is verag onder haar volksgenote, Nikodemus is teologies opgelei, haar godsdienstige kennis is beperk tot wat sy geleer het uit haar lewe onder haar volk. En tog spandeer die Here Jesus tyd met beide. Let op: Ten spyte van al die verskille tussen hulle twee, het hulle dieselfde behoefte: Beide het God nie geken nie en beide het ‘n behoefte aan die werk van die Here Jesus – en daarom spandeer die Here Jesus tyd met beide.

Dit konfronteer ons om te besin oor met wie ons bereid is om tyd te spandeer om hulle van die Here Jesus te leer: Is jy bereid om tyd te spandeer om ongeletterdes en eenvoudiges die evangelie te leer – of is hulle volgens jou te onkundig en onintellektueel om tyd mee te spandeer? Is jy bereid om tyd te spandeer om aan hoogs suksesvolle mense die evangelie te leer – of is hulle volgens jou te geleerd en verfynd vir die eenvoudige evangelie? Is jy bereid om tyd te spandeer om die evangelie aan mense van ander volke te leer – of is hulle te volksvreemd volgens jou? Is jy bereid om tyd te spandeer om die evangelie aan ander rasgroepe te leer – of is hulle te wit, swart of bruin volgens jou? Is jy bereid om tyd te spandeer om die evangelie aan kriminele te leer – of is hulle sonde te groot volgens jou? Of is jou probleem dalk eerder dat jy eenvoudig geen tyd spandeer om die evangelie aan enigiemand te leer nie – want dit is te persoonlik volgens jou? Genadiglik het die Here Jesus anders opgetree. Ons behoort ook.

<u>‘n Fontein van lewende water wat opborrel tot die ewige lewe (Joh 4:10-15)</u>

Lees Joh 4:10-12. Ons lees dat die Here Jesus gereageer het op die vrou se verbasing siende dat Hy met haar gepraat het. Hy het gereageer deur aan haar iets beters te bied: Hy kan aan haar lewende water gee. Nodeloos om te sê, die vrou het glad nie verstaan wat die Here Jesus bedoel het nie. Dit word duidelik uit die feit dat sy redeneer Hy het dan nie eers ‘n skepding nie – hoe gaan Hy die lewende water in die hande kry? Sy redeneer die put is destyds aan hulle gegee deur Jakob, maar selfs Jakob-hulle het tog geweet die put is diep, en ‘n mens het ‘n skepding nodig om by die water te kan uitkom. Of, redeneer sy, is die Here Jesus dalk groter of belangriker as Jakob, en dus tot meer in staat as hulle voorvader? Wel, onwetend het sy twee foute gemaak in haar redenasie: Eerstens het die Here Jesus nie fisiese water in gedagte gehad nie, en tweedens is dit ‘n feit dat Hy inderdaad groter en belangriker is as Jakob.

Lees Joh 4:13-14. In hierdie verse verduidelik die Here Jesus aan die vrou wat “lewende water” is: Nee, dit is nie fisiese water wat fisiese dors les nie. Die probleem met fisiese water is dat dit die dors net tydelik les, met verloop van tyd word die persoon weer dors en moet hy weer water drink. Daarteenoor, die lewende water waarvan die Here Jesus praat, les werklik die dors – soveel so dat die persoon tot in ewigheid nooit weer dors sal kry nie. En dan verduidelik die Here Jesus hoe hierdie lewende water daarin slaag om die dors so effektief te les: Die lewende water wat die Here Jesus kan gee, word in die persoon ‘n fontein van lewende water. En hierdie fontein binne die persoon,

borrel voortdurend water op – daarom word die persoon nie weer dors nie – hy het ‘n fontein van water binne-in hom wat voortdurend sy dors les. En hierdie fontein met opborrelende water, hou aan om water te gee, en let op, dit gee water tot die ewige lewe. Natuurlik praat die Here Jesus nie van fisiese water nie, nee, Hy praat van water wat lei tot die ewige lewe.

Lees Joh 4:15. Dit is baie duidelik dat die vrou nie naastenby begryp het wat die Here Jesus bedoel het nie. Sy fokus steeds op fisiese water, en die moeite om gereeld te kom water skep. Sy sou graag hierdie taak wou systap as sy water kan kry wat tot gevolg sal hê dat sy nie weer dors word nie.

Die vraag is egter, geliefdes, verstaan ons wat die Here Jesus bedoel het met lewende water wat ‘n fontein van borrelende water in iemand veroorsaak wat tot die ewige lewe lei? Om die simboliek te verstaan, is dit nodig dat ons moet teruggaan na ‘n paar Ou Testamentiese gedeeltes:

- Jes 12:2-3 – Vers 2 maak dit duidelik hier word gepraat oor die verlossing wat die Here gaan bewerk. En dan voeg vers 3 by: Julle sal met vreugde water skep uit die fonteine van verlossing. Verlossing deur die Here word geassosieer met water wat uit fonteine kom.
- Jes 49:10 – Hier lees ons weer van ontferming deur die Here deurdat Hy hulle langs waterbronne sal begelei, en die gevolg sal wees dat hulle nie honger of dors sal word nie – soos wat die Here Jesus gesê het die geval sal wees met iemand wat die lewende water drink.
- Jes 44:3 – Hierdie vers gee vir ons ‘n belangrike sleutel: Weereens lees ons van die verlossing van die Here wat gepaardgaan met die uitgiet van water op droë grond, maar dit word gelykgestel aan die uitgiet van die Here se Gees op die volk se nageslag. Let op: die Here Jesus sê aan die Samaritaanse vrou Hy kan aan haar die water gee. Ons weet nou die water verteenwoordig verlossing. En uit hierdie vers is dit duidelik dat die verlossing loop hand aan hand met die uitstort van die Heilige Gees in die persoon. M.a.w. as die Here Jesus aan iemand lewende water gee, beteken dit die Here Jesus gee aan die persoon die Heilige Gees, en dit lei tot verlossing.
- Eseg 36:25-27 – Ons het al dikwels na hierdie verse gekyk, maar let op: In die nuwe verbond is daar twee dinge wat gebeur wanneer die Here iemand verlos: Hy word met water gereinig van sy sondeskuld (‘n verwysing na die werk van die Here Jesus) en hy ontvang ‘n hart van vlees waarin die Heilige Gees werk sodat hy wil doen wat die Here wil. Sien jy die punt? Die Here Jesus kan aan iemand die water van die lewe gee: Enersyds was dit hom skoon van sy sondeskuld, en andersyds kom woon die Heilige Gees in sy hart en die Gees word in hom ‘n fontein van water wat bly opborrel en wat die persoon dring om die Here se wil te doen – en so les die Heilige Gees sy dors so effektief dat hy nooit weer dors sal word nie.
- Jes 55:1-3 – Hier word almal wat dors is aangemoedig om na die water te kom. Hulle kan dit verniet kry – onthou die Here Jesus géé dit. En let op wat vers 3 sê wat die uiteinde is: sodat julle kan leef! Dit is in lyn met wat die Here Jesus gesê het die doel is met die lewende water: dit word ‘n fontein wat opborrel tot die ewige lewe.

Kan ek opsom: Die lewende water wat die Here Jesus aan die vrou aangebied het, is die Heilige Gees. Dit is die Here Jesus wat die Heilige Gees aan mense kan gee. Die effek van die Heilige Gees in hulle is dat dit ‘n fontein word wat voortdurend opborrel. Enersyds is die resultaat hiervan dat hulle skoon gewas word in die werk van die Here Jesus. Andersyds is die resultaat hiervan dat hulle harte sag word en dat hulle die Here gehoorsaam wil dien. En die resultaat van die voortdurende opborrelende water in hulle is dat hulle die ewige lewe ontvang.

<u>Ware aanbidders aanbid die Vader in gees en waarheid (Joh 4:16-26)</u>

Lees Joh 4:16-20. Ongelukkig het die Samaritaanse vrou baie min verstaan van wat die Here Jesus aan haar vertel het. Gevolglik volg die Here Jesus ‘n ander pad met haar. Hy sê vir haar sy moet haar man gaan roep. Haar antwoord is dat sy nie ‘n man het nie. En die Here Jesus stem saam met haar – want sien: sy het al 5 mans gehad, en die een waarmee sy nou getroud is, is nie werklik haar man nie. En, let op, sy stry nie met die Here Jesus nie – ons kan met ander woorde aflei wat die Here Jesus gesê het oor haar 5 vorige mans en haar huidige man is waar. Waarmee is die Here Jesus besig? Wel, dit is redelik gemaklik vir die vrou om te praat oor fisiese water en die fisiese put en die gerompslomp om elke dag te kom water skep. Maar in die proses mis sy totaal die punt waaroor die Here Jesus eintlik met haar praat. Daarom konfronteer Hy haar met haar lewe – die realiteit van ‘n sondige lewe: 5 gewese mans en nou ‘n man wat nie haar man is nie. Effektief wat die Here Jesus doen is om vir haar te wys hoe dors sy is, hoe nodig sy daardie lewende water het – dáárdie nood is groter as die behoefte om nie elke dag fisiese water te kom skep nie. Ek is nie seker sy het dit nou al self besef nie – maar wat sy wel besef het is dat die Here Jesus Iemand besonders is wat weet presies wat in haar lewe gebeur sonder dat sy hom vertel het. Daarom erken sy Hy moet ‘n profeet wees.

En dan gebruik sy die geleentheid om Hom te konfronteer met een van daardie vraagstukke wat gereeld na vore kom: Waar moet aanbid word: In Jerusalem, soos die Jode sê, of op Gerisimberg, soos wat die Samaritane sê. Sy het sekerlik al baie die redenasie van die Samaritaanse kant gehoor, maar hier is ‘n Jood wat bereid is om met haar te praat, en boonop het Hy besondere insig soos ‘n profeet – en daarom wil sy nou ook Sy opinie hoor oor die Joodse argument.

Lees Joh 4:21-24. Jesus se antwoord is onverwags: Daar kom ‘n tyd dat aanbidding nie op Gerisimberg of in Jerusalem sal plaasvind nie. En dan gaan die Here Jesus voort en verduidelik dat daar ‘n verskil is tussen die Samaritane en die Jode: die Samaritane aanbid wat hulle nie verstaan nie, daarteenoor aanbid die Jode wat hulle wel verstaan. Onthou wat ons vroeër gesê het: Die Samaritane het net die Pentateug erken, en die gevolg daarvan was dat hulle ‘n baie gebrekkige verstaan van die openbaring van die Here gehad het, insluitende die koms van die verwagte Verlosser: Hulle verwagting was beperk tot die koms van ‘n Profeet soos Moses wat sal kom om bekend te maak wat die Here beveel (Deut 18:15-18). Daarteenoor het die Jode die volle Ou Testament erken, insluitende die belofte van die Verlosser uit die nageslag van Dawid, en Dawid was deel van Juda, en die Verlosser gaan dus uit Juda kom – nie uit die Samaritane nie. Hulle het verstaan dat die Verlosser gaan kom as Hoëpriester en as Koning, nie net as Profeet soos die Samaritane geglo het nie. Dit is verder ook so dat die Samaritane Jerusalem as aanbiddingsplek gemis het, juis omdat hulle nie die hele Ou Testament gelees het nie. Ek glo dit is duidelik, al met al maak die Here Jesus aan die vrou duidelik dat Jerusalem sekerlik die plek van aanbidding moes gewees het, nie Gerisim nie.

Die verstommende van die antwoord van die Here is egter die volgende: Al was dit tot nou toe beter om in Jerusalem te aanbid, is selfs die rol wat Jerusalem tot nou toe gespeel het as aanbiddingsplek, ook op die punt om tot ‘n einde te kom. Voortaan gaan ware aanbidding nóg op Gerisimberg nóg in Jerusalem plaasvind. Voortaan gaan ware aanbidding van die Vader in gees en waarheid plaasvind – dít is die aanbidders wat die Vader wil hê: Ware aanbidders sal voortaan in gees en waarheid aanbid. En die rede waarom die Vader juis behae het in aanbidding in gees en waarheid, is omdat Hy Gees is.

Natuurlik moet ons nou besin oor wat dit beteken. Kom ons begin met die volgende: Wat bedoel die Here Jesus met die stelling dat God Gees is? Natuurlik is dit so dat God Gees is – Hy is ‘n geestelike Wese, m.a.w. Hy is nie ‘n fisiese Wese soos wat ons as mense is nie – Hy het nie ‘n fisiese liggaam soos ons nie. Hy is Gees. Alhoewel dit waar is, het die Here Jesus egter meer as dit in gedagte gehad: Die feit dat God Gees is, het bepaalde implikasies vir ons: Dit beteken ons kan God nie sien nie, dit

beteken ons kan nie, met respek gesê, aan Hom vat nie, dit beteken ons kan Hom nie werklik ken nie. Hy is so anders as ons – ons is ingestel op wat ons sien en aan kan vat. Maar Hy is Gees. En die krisis is: Hoe kan ons Hom waarlik aanbid, as ons Hom nie kan ken nie? Ja, daar was in die Ou Testament aanbidding – maar was dit volle aanbidding wat werklik die Here bevredig het? En die Here Jesus se punt aan die Samaritaanse vrou is dat dit alles op die punt staan om te verander: Voortaan sal ware aanbidding wel kan plaasvind soos wat tot nou toe nie moontlik was nie. En hierdie ware aanbidding gaan nie meer aan Jerusalem gekoppel wees nie, en definitief ook nie aan Gerisimberg nie. Wat is dit wat nou verander het wat tot gevolg het dat ware aanbidding in gees en waarheid voortaan wel kan plaasvind? Weereens moet ons in gedagte hou wat ons al alles tot dusver in die Johannes-evangelie geleer het, en dan sal ons raaksien wat nuut na vore kom uit die gesprek met die Samaritaanse vrou. Let op die volgende:

- Die Here Jesus, wat die Seun van God is, wat in die begin al God was, het nou mens geword met 'n liggaam soos ons. Nou kan ons Hom sien (Joh 1:14).
- Boonop het ons laasweek geleer, die Here Jesus het gekom en nou spreek Hy die woorde van die Vader. Nou kan ons boonop die woorde van God hoor (Joh 3:34).
- Hebreërs 1 leer ons die Here Jesus straal die heerlikheid van God uit, Hy is die ewebeeld van die wese van God. Met die Here Jesus se koms leer ons God ken soos nog nooit te vore nie.
- Maar daar is meer: Johannes die Doper het ons ook al geleer hyself doop net met water. Maar die Here Jesus gaan met die Heilige Gees doop (Joh 1:33).
- Maar daar is nog meer: Uit die gesprek van die Here Jesus met Nikodemus het ons ook al geleer: Om deel van God se koninkryk te wees, moet iemand uit water en Gees gebore wees (Joh 3:5). In die lig van die gesprek met die Samaritaanse vrou, sou ons kon sê: Om waarlik te kan aanbid soos wat die Vader wil hê, moet iemand uit water en Gees gebore wees. Ons weet tog nou al wat dit beteken: om uit water gebore te wees beteken iemand moet gereinig wees van sy sondeskuld deur die werk van die Here Jesus, om uit die Gees gebore te wees beteken om deur die werk van die Heilige Gees 'n nuwe hart te ontvang waarin die Gees woon en wat sorg dat die persoon doen wat God wil. In die lig van wat die Here Jesus vroeër aan die Samaritaanse vrou gesê het, beteken dit: Om waarlik te kan aanbid soos wat die Vader wil hê, moet iemand die lewende water gedrink het.
- Maar daar is selfs nog meer: Dit is die Here Jesus wat die lewende water gee (Joh 4:10). Dit is die Here Jesus wat die Heilige Gees gee. En dit is die Heilige Gees wat geloof in die Here Jesus werk in die nuwe harte, wat maak dat die persoon die Here Jesus erken, en, soos ons laasweek gesien het, wat tot gevolg het dat die persoon ook erken God is waaragtig.
- Maar daar is selfs nog meer: Die Here gee die Heilige Gees nie in geringe mate nie – laasweek het ons gesê dit beteken ten minste dat die Here die Heilige Gees nie aan die Here Jesus in geringe mate gee nie, maar dit beteken waarskynlik meer: Die Here gee ook nie aan diegene aan wie die Seun die lewende water gee, die Heilige Gees in geringe mate nie (Joh 3:34).

Ek weet dit is 'n mondvol, selfs te veel om te begryp met 'n eerste aanhoor daarvan. Kom ek probeer saamvat: Voortaan gaan ware aanbidding moontlik wees: Ware aanbidders is die aanbidders wat die lewende water van die Here Jesus ontvang het. Hulle is dus aanbidders wat die Heilige Gees ontvang het. Hulle is die aanbidders wat dus uit water en gees gebore is deur die werk van die Here Jesus en die Heilige Gees. Hulle erken die Here Jesus. Hulle verdiep hulle ook in Sy woorde. Sy woorde is die woorde van God. Daarom erken hulle ook God self, want hulle het God leer ken uit die Here Jesus wat Hom kom bekend maak het, Sy heerlikheid kom toon het, wat Sy ewebeeld is. Deur die werk van die Here Jesus en die Heilige Gees ken hulle nou God. En omdat hulle Hom ken, en omdat hulle die

Heilige Gees in hulle het as ‘n fontein van opborrelende water, kan hulle die Here nou waarlik aanbid in gees en waarheid.

Anders as in die Ou Testament toe die Here in Jerusalem in die tempel aanbid is, kan hulle Hom nou waarlik aanbid. Voorheen het die Here Jesus nog nie gekom nie, daar was maar net die Ou Testamentiese tipes wat vooruit na Hom gewys het, en daarom was die aanbidding ook nog maar gebrekkig. Maar nou het die Here Jesus die heerlikheid van God kom vertoon, en die lewende water gegee wat in die gelowiges se harte opborrel – nou is ware aanbidding moontlik.

Maar, sou jy nou kon vra, hoe lyk hierdie ware aanbidding? Hoe lyk aanbidding in gees en waarheid? Kom ons dink oor elke deel afsonderlik:

- Hoe lyk aanbidding in waarheid? Aanbidding in waarheid verreken ál die waarheid wat oor die Drie-Enige God in die Skrif openbaar word. Al die fasette van ons aanbidding, dit sluit in die Woordverkondiging, ons gebede en ons sang, moet tot oorlopens toe gevul wees met die diep waarhede van God se Woord. M.a.w. daar is diep inhoud in elke faset van ons aanbidding. God se ganse openbaring, maar veral Sy Nuwe Testamentiese vervulling in die menswording, die kruisiging, die opstanding, die hemelvaart en die wederkoms van die Here Jesus, asook die uitstorting en werk van die Heilige Gees in die gelowiges, moet ons aanbidding vul en rig. Daar moet dus ryk en diep inhoud wees in ons aanbidding – dit moet gevul wees met die werk van die Here. Ons kan nie tevrede wees met gebrekkige inhoud nie, ons kan self nie tevrede wees met net ‘n Ou Testamentiese fokus nie. God se openbaring in die Ou Testament het in die Nuwe Testament oopgeblom, en dit moet telkens ons aanbidding lei.
- Hoe lyk aanbidding in gees? God het behae in aanbidding wat uit die hart kom – ‘n hart wat nuut gemaak is, ‘n hart waarin die Gees woon, ‘n hart wat opborrel weens die werk van die Gees. Dit gaan nie oor uiterlike rituele en voorskrifte nie. God is Gees en ons moet Hom nie probeer vasvang in rituele en simbole wat maklik die plek kan inneem van ‘n diep geestelike gesprek met die lewende God nie. Elke mens wat deur die Heilige Gees wederbaar is, sal hom of haar dan ook jubelend verlustig in die voorreg om as kind vrymoedig voor God se genadetroon te kom. Ja, dit is ‘n genadetroon, maar dit is steeds ‘n troon waartoe ons nader – daarom kom ons vrymoedig, maar nie vrypostig nie. Ons kom ook nie koud en klinies sonder enige emosie of gevoel nie. Ons kom gevul met opwinding oor die Here en Sy werk.

Kom ons wees nou prakties: Wat sê die eis van aanbidding in gees en waarheid nou vir die inkleding van ons eredienste? Verkondiging van die volle waarheid van God se Woord moet altyd sentraal wees. Blote uiterlike konformering met die eise van die Woord streng volgens die voorskrifte van ‘n kerkorde maar sonder intense belewing en verlustiging in die verheerliking van ons Here is egter vir God afstootlik. Andersins kan ons ook nie tevrede wees met oppervlakkige lekker-sing liedjies wat ‘n paar frases herhaal en eerder mensgesentreerd is as om God denkend, uit ons harte uit, te eer en te dank vir Sy onmeetlike genade aan ons nie. Kol 3:16 sê ons sing van psalms, lofsange en geestelike liedere moet sodanig wees dat ons mekaar daardeur in wysheid onderrig en vermaan. Daar is twee gevare waarteen ons moet waak:

- Inhoudlose aktiwiteite wat mense bevredig en opsweep sonder dat dit werklik Bybelse inhoud en betekenis het – dit skreeu teen die eis van aanbidding in waarheid.
- Dooie ortodoksie wat selfs vol inhoud mag wees, maar wat sonder enige emosie of belewing aangebied word – dit skreeu teen die eis van aanbidding in gees.

Beide aanbidding in gees en waarheid moet gelyktydig plaasvind.

Deur die werk van die Heilige Gees in ons en op grond van die verlossingswerk van die Seun vir ons, kan en mag ons die Vader met ons hele wese aanbid volgens die volle geopenbaarde waarheid van Sy Woord. Dit is 'n heerlike voorreg waarin ons ons moet verlustig!